**Dinsdag 12 Julie**

**Skrifgedeelte: Johannes 19:28-30**
**Fokusgedeelte: Johannes 19:30 (1983-vertaling)**

**Die hart van hulle wat U bely … weet Jesus het alles wat nodig is, gedoen**

Een van die uitstaande kenmerke van Jesus se bediening was die besef van sy lewensdoel wat Hom deurentyd gedryf het (Luk. 2:49). In Lukas kry ons telkemale uitsprake oor Jesus wat na Jerusalem móét gaan om te ly (Luk. 13:33; 17:25; 22:37; 24:7 e.a.).

Die saak wat Hom dryf, is dit wat in Johannes 3 gesê word: *Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê* (Joh. 3:14-15).

Jesus se lyding het al met sy geboorte begin. Hy verneder Homself deur mens te word. Dit gaan aan deur sy vroeë lewe – sy ouers verstaan Hom nie eers nie (Luk. 2:49), sy dissipels verstaan Hom nie (Matt. 15:16), die volk verstaan nie (Matt. 27:22), en ook nie die kerkleiers (Fariseërs) nie (Matt. 9:34)! Dit bereik egter 'n hoogtepunt met sy verhoor, skuldigbevinding en kruisiging. In Getsemané bid Hy nog vir 'n uitkoms op hierdie sware las wat Hy dra. Die las van die mensdom se sonde. Die vervloeking, die smaad, die ellende.

Eindig dit met 'n gedeeltelike tevrede woord oor sy lippe? "Dit is volbring." Ook dalk met verligting? "Dit is volbring." Oorwinning! "Dit is volbring." Die missie is afgehandel. Die doel is bereik!

Hy móés "verhoog" word sodat kinders van God kan weet: Jesus het alles wat nodig was, gedoen – sodat ék met God versoen is! Ek is nuut, omdat Jesus alles volbring het!

*Sing: Skrifberyming 10-2*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*